



DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS

## Honneurs in Vertaling (2021)

### Programstruktuur

Die Honneursprogram in Vertaling is 'n eenjarige program wat bestaan uit die teorie en praktyk van sowel vertaling en/of tolking as redigering. Dit is 'n navorsingsprogram en kan lei na 'n MA in Vertaling.

Studente volg vyf modules: **vier verpligte modules** en **een keusemodule**. Daar word ook van studente verwag om 'n verpligte werksessie oor die vertaalprogram Trados by te woon. Besonderhede oor hierdie werksessie word aan die begin van die akademiese jaar aan die studente gekommunikeer.

### Verpligte modules

1. Redigeermetodiek en -praktyk	30 krediete
2. Vertaal- en tolkmetodiek en -praktyk	15 krediete
3. Vertaal- en tolkteorie	30 krediete
4. Navorsingswerkstuk	30 krediete

#### 1. Redigeermetodiek en -praktyk • semesters I en II • 30 krediete

##### **Redigeermetodiek** (semester I):

Die teksversorgingspraktyk word teoreties ondersoek deur eerstens te kyk na die subdissiplines waarop die teksversorgingswetenskap gegrond is. Daarna word verskillende modelle vir die praktyk van teksversorging krities ondersoek.

##### **Redigeerpraktyk** (semester II):

Praktiese redigering in twee tale (Engels/ Afrikaans/ enige Afrikataal/ Nederlands/ Frans/ Duits/ Chinees).<sup>1</sup>

#### 2. Vertaal- en tolkmetodiek en -praktyk • semester I • 15 krediete

Studente volg in die eerste semester 'n geïntegreerde metodiek- en praktykkursus wat die grondslag vorm van die praktiese kursus wat in die tweede semester gevolg word.

#### 3. Vertaal- en tolkteorie • semesters I en II • 30 krediete

Hierdie module bied 'n oorsig oor die ontwikkeling en toepassing van die belangrikste vertaalteoretiese benaderings wat op onderskeie teksgenres toegepas kan word. Die module behels ook 'n verdieping van enkele tolkteoretiese modelle, die implikasies wat dit vir die tolkpraktyk inhou en die manier waarop tolkteoretiese aspekte aan empiriese studies in die veld gekoppel kan word.

<sup>1</sup> Nie alle taalopsies word noodwendig elke jaar aangebied nie.

#### 4. Navorsingswerkstuk • 30 krediete

Die navorsingswerkstuk bied aan studente die geleentheid om selfstandige navorsing te beplan, uit te voer, en oor verslag te doen. Studente kies 'n tema uit 'n breë aanbod wat deur die dosente beskikbaar gestel word. Volledige besonderhede word tydens die eerste lesing vir Navorsingsmetodologie verskaf.

### Keusemodule

I.1 Praktiese vertaling <b>OF</b> I.2 Praktiese tolking
---

15 krediete
-------------

#### I.1 Praktiese vertaling • semester II • 15 krediete

Uit Engels in Afrikaans/ enige Afrikataal/ Nederlands/ Frans/ Duits/ Chinees **EN** uit enige van bogenoemde tale in Engels.

#### I.2 Praktiese tolking • semester II • 15 krediete

Tussen Engels en Afrikaans/ enige Afrikataal/ Nederlands/ Frans/ Duits.

### Wyse van onderrig

Vir die praktiese modules word daar van weeklikse seminaarklasse gebruik gemaak. Vir die oorblywende teoretiese modules is daar gereelde seminaarklasse.

### Klasbywoning

'n Klas op nagraadse vlak is 'n ruimte vir kontak, stimulasie en groei, en is daarom noodsaaklik. Daar word van alle nagraadse studente verwag om klasse getrou by te woon, voorbereid te kom en aan die besprekings deel te neem. 'n **Mediese sertifikaat** moet ingehandig word in die geval van siekte. 'n Mediese sertifikaat is ook nodig indien 'n student 'n toets mis of 'n werkstuk laat inhandig.

### Assessering

Deurlopende evaluering vind plaas. Studente voltooi praktiese opdragte en teoretiese werkstukke, sowel as een groot navorsingswerkstuk.

### Toelating

Enige taal as BA-hoofvak met 60% as slaagsyfer.

Die slaag van 'n toelatingstoets.

### Meer inligting

Vir meer inligting of enige navrae, kontak gerus vir **me. Lenelle Foster**.